

Jou verhouding met jou Koning

Daar is verskillende houdings wat die mens teenoor God inneem. Daar is natuurlik dié van die goddelose wat God haat – hoe skokkend dit ook al mag wees! Ons vind ook mense wat maak asof Hy nie bestaan nie, dié wat God ignoreer. Dan is daar ook diegene wat vreesagtig oor God dink en altyd bang is vir sy straf.

Geen ware gelowige koninkrykskind voel egter so nie. Verbondskinders is lief vir die Here en verheug hulle in hulle Koning. Hulle waardeer die gawes en voorregte wat vir die ware kinders van God voorberei is. Innerlike vreugde is 'n kenmerk van die Christen. Hierdie vreugde is gegrond in 'n liefdevolle Vader, vol genade en altyd getrou aan sy beloftes.

Paulus verduidelik in Romeine 5:11 dat dit alles plaasvind omdat ons deur Christus met God versoen is. Om versoen te wees dui op 'n wonderlike verhouding. Dit wat ver was het naby gekom en dit wat twee was het weer een geword. Die vyandigheid en vervreemding is weg en het plek gemaak vir vrede, harmonie en vreugde. Die mens moet hierdie versoening in geloof aanvaar en daaruit lewe.

Om in 'n verhouding van geloofsblydskap met God te lewe maak van ons sterk mense. Dit gee dankbaarheid in voorspoed en krag in teëspoed. Dit laat ons altyd uitreik na hoër en groter dinge.

In God vind die gelowige sy vreugde – 'n vreugde wat alle verstand te bowe gaan!

Sing: Psalm 105:2

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)